




'n **Fraai hoedjie** vir jou klein **parmant** sal sy teer **velletjie** ongeskonde hou. Jy kan die kantstrook en middelvalletjie weglaat vir 'n seunskind.
Saamgestel deur Sandra Bodenstein

'n Maklike hoed vir kleinding

ALGEMENE AANWYSINGS

- Plaas pante met RK teen mekaar wanneer jy stik.
- Werk rafelrande met sigsagsteek van naaimasjien of met omkapmasjien af.
- Gebruik deurgaans bypassende masjien-gare.
- Naattoelating van 1 cm is reeds bygereken, tensy anders vermeld.

MATE

Die hoedjie is ontwerp om te pas vir 'n kind van 12-18 maande; die hoed se omtrek is 46 cm.

AFKORTINGS

RK = regte kant; VK = verkeerde kant; NT = naattoelating.


JY BENODIG

0,5 m geblomde kledingstof; 150 cm wit anglaise-kant.

MAAK SÓ

- **Let wel:** Stik deurgaans met 1 cm-NT, tensy anders vermeld.
- **Knip 4 stroke kledingstof:** 2 x A - 7 x 90 cm; 1 x B - 6,5 x 90 cm; 1 x C - 6 x 90 cm.
- Teken patroon na en knip 6 pante uit kledingstof.
- **BOL:** Heg 3 pante aan mekaar vir 1 helfte van hoed. Herhaal vir ander helfte en heg 2 helftes aan mekaar.
- **VALLETJIES:** Trek anglaise-kant met 2 rye rygstiksels in tot 90 cm. Speld teenaan strook A met rafelkante teenmekaar.
- Plaas ander strook A bo-op en speld vas.
- Heg, dop omen maak bo-stiksel.
- Heg 2 kort kante en werk af.
- Stik 2 rye rygstiksels aan bokant en trek in tot dit omtrek van hoed pas - 46 cm.
- Herhaal met strook B, maar stik klein soompie met rolsoomvoetjie waar A anglaise-kant het.
- Speld eers strook B teen hoed se rand en dan strook A. Heg en werk af.

- **KOPBANDJIES:** Halveer strook C, vou 1 cm-soompies aan weerskante na VK asook 1 kort kant. Vou dubbel en heg. Heg onafgewerkte kant van bandjies aan hoed.



ANET SCHOEMAN het die hoedjie eksklusief vir ROOI ROSE gemaak.

